**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

November 2025

Geagte ouer/voog

**SKOOLFONDS 2026**

Met die algemene jaarvergadering gehou op 11 November 2025, is die volgende, eenparige besluite geneem.

1. Begroting vir 2026 is goedgekeur.
2. Skoolgeld vir 2026 is bepaal en relevante resolusies ten opsigte van skoolfonds, agterstallige skoolfonds, en vrystellings is goedgekeur.
3. Toestemming is verkry dat vrystelling toegestaan kan word, indien aan die kriteria van die departement voldoen word.

**VASGESTELDE SKOOLGELD VIR 2026**

| **SKOOLGELD: GRAAD 8 TOT 12 (per leerder)** | |
|---|---|
| **OPSIE 1: JAARLIKS** | **OPSIE 2: MAANDELIKS** |
| R 41 112<br>(eenmalig) | **Graad 8 tot 11**<br>R3 426 x 12<br>1 Januarie tot 1 Desember |
| | **Graad 12**<br>R4 111.20 x 10<br>1 Januarie – 31 Oktober<br><br>*Let wel: In spesiale gevalle kan goedkeuring deur die Finansiële Komitee verleen word dat graad 12-skoolgeld oor 12 maande betaal word.* |

Skoolgeld is streng vooruitbetaalbaar. Alle skoolgeld moet op die eerste skooldag van die jaar betaal word, maar met die vergunning van die Beheerliggaam mag dit, soos hieronder uiteengesit, betaal word om die las op die ouers te verlig.:

- Graad 8 tot 11 in twaalf (12) paaiemente.
- Graad 12 in tien (10) paaiemente.

**Agterstallige skoolfonds**
Alle uitstaande skoolgelde sal ingevorder word in streng ooreenstemming met Artikel 41 van die Skolewet en alle geld wat van ouers ontvang word, sal eers toegeken word aan uitstaande skoolgelde waar van toepassing, voordat dit vir enige ander doel aangewend word.

- Rekeninge wat 30 dae agterstallig is, sal opgevolg word.
- Indien die rekening oorhandig word vir invordering, sal ouers verantwoordelik wees vir alle rente en koste hieraan verbonde, tensy daar 'n skriftelike ooreenkoms (onderteken deur beide partye) met die skool bestaan.
- Rekeninge wat oorhandig word vir invordering, sal ook by die relevante kredietburo's gelys word.
- Die Beheerliggaam sal voortaan 11.75% mora-rente per jaar, maandeliks op uitstaande skoolgelde en/of uitstaande gelde ten opsigte van toere, kultuuraktiwiteite, ensovoorts hef. Rente sal na een maand gehef word.

**Vrystellings**
Aansoek om vrystelling of gedeeltelike vrystelling van skoolgeld kan ingevolge die Skolewet gedoen word.

Prosedure
Hierdie aansoeke moet **jaarliks** aan die Beheerliggaam, op die voorgeskrewe vorms gerig word.

- Aansoeke moet verkieslik **voor of op 28 Februarie** van **elke** jaar ingehandig word om in aanmerking te kom vir die vrystelling/gedeeltelike vrystelling. 'n Voorlopige verslag moet teen 31 Maart aan die Departement voorgelê word.
- Aansoeke wat na 28 Februarie 2026 ontvang word, sal **slegs op meriete** by wyse van uitsondering oorweeg word
- **Geen verdere aansoeke sal na 31 Oktober 2026 oorweeg word nie**
- Aansoeke wat voor of op 28 Februarie ingehandig was, sal teen die **einde** van die **eerste kwartaal** afgehandel wees en ouers sal binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis gestel word. Betalings moet gedoen word tot terugvoer (goedkeuring) vanaf die skool ontvang word.
- Aansoeke word streng volgens die voorskrifte vervat in die **regulasies insake die vrystelling van ouers,** ten opsigte van die betaling van skoolfooie hanteer. 'n Afskrif van die regulasies is ter insae by die skool beskikbaar
- Dit is **elke ouer se verantwoordelikheid** om die nodige vorms betyds by die Finansies kantoor in te handig en op te volg vir terugvoer.

Die volgende kategorieë is van toepassing:
Algehele vrystelling
Persoon kwalifiseer op grond van die formule of die volgende omstandighede:

- Persoon wat ouerlike pligte aanvaar vir 'n kind in pleegsorg, jeugsorgsentrum, plek van veiligheid of kinderhuis.
- 'n Familielid wat 'n kinderhuiskind, of 'n kind wat deur ouers verwerp is, of 'n kind met geen ondersteuning versorg.
- Persoon wat staatstoelae ontvang vir 'n kind.
- 'n Kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan.

Gedeeltelike vrystelling
Persoon kwalifiseer op grond van die formule en die aantal skoolgaande kinders.

Voorwaardelike vrystelling
Vrystelling deur die Beheerliggaam verleen aan 'n persoon wat slegs vir gedeeltelike vrystelling kwalifiseer, maar wie se omstandighede van so aard is dat selfs die gedeeltelike fooi nie betaal kan word nie. Die Beheerliggaam koppel voorwaardes aan hierdie vrystelling.

Geen vrystelling
Persoon doen nie aansoek vir vrystelling nie, vrystellingsaansoek is onvolledig of persoon kwalifiseer nie op enige gronde vir vrystelling nie.

Daar word op u as ouer se samewerking gereken om u finansiële verpligtinge teenoor die skool na te kom en sodoende die bestuur van die skool in staat te stel om die skool te bedryf tot voordeel van elke kind en die gemeenskap wat ons bedien.

Die uwe

G WOLFAARDT
BEHEERLIGGAAM: TESOURIER